

## Sondag 30 Augustus

**Skrifgedeelte: Prediker 11:1-6**

**Fokusgedeelte: Prediker 11:1, 2**

### **Geloof ondanks die onsekerheid van die lewe**

**S**elfs vir jou as gelowige is die lewe nie elke dag so seker nie. Ons leef in 'n tyd met baie onsekerhede – ons beleef politieke onsekerheid in ons land, miskien beleef jy nou onsekerheid oor jou werk, gesondheid, oor verhoudings waarin jy staan.

Tog is daar vir die gelowige één sekerheid wat vasstaan: God is in beheer van alles – ook van jou lewe.

Die Here roep jou om ondanks die onsekerhede partykeer waagmoedig te wees, en ander kere weer berekend en versigtig. Soos die handelaar van ouds gewaag het om sy handelsware op 'n paar skepe te laai en oor die see te stuur met die verwagting dat dit hulle bestemming sou bereik, so moet die gelowige ook waag. Of soos die boer wat in geloof saad saai met die hoop dat daar 'n oes sal wees, so moet jy ook doen.

Die Prediker gebruik die beelde van wolke en 'n boom wat deur die stormwind ontwortel word om vir ons te wys dat as jy na die wolke kyk, daar die moontlikheid van reën is. Op hierdie manier sien die boer daar is 'n moontlikheid dat dit gaan reën – kom ons noem dit 'n sekere mate van sekerheid. Aan die ander kant is daar die totale onmag van die boom om staande te bly teen die stormwind – dit gebeur het.

Dit beskryf vir ons die absolute onvoorspelbaarheid van die lewe, maar in geloof kan jy op die één sekerheid staatmaak: dat God deur Christus jou Vader is te midde van die onsekerhede van jou lewe.

Hebreërs 11:1 onderstreep die sekerheid wat geloof in God vir jou gee – maak nie saak wat jou omstandighede is nie: “Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.”

*Sing: Psalm 107-1:1, 11*

*Ds. AH Steyn (Abel) (Lydenburg)*